

Van die lessenaar

Invoer, uitvoer, handel, pekelwater en siektes kom skrop nes

Ons is in die laaste rondte van die jaar en Kersfees kom nader. Die vleis- en eierprodusente het nie veel rede tot viering nie. Dit is ook nie lank voordat bedrywighede vir die munispale verkiesings begin nie. Dit sal waarskynlik tot die verwarring in ons ekonomiese padkaart bydra, want al lyk die pad China toe meer stamperig, is dit nog steeds 'n groot snelweg met 'n taamlik invloedryke bestemmingspunt. Ek hoop lesers kan sien dat die media die problem in die Chinese ekonomie oordryf. Die konstruksiebedryf verwag stadiger groei, maar die Chinese verbruikerseconomie bly sterk. Verminderde roumateriaal-uitvoere sal ons knou, soos altyd, totdat ons ekonomie meer diversifiseer. Daar is geen rede tot vrees nie, maar daar kan rede tot kommer wees.

Nuwe organisasies

Ek het verlede maand genoem dat ons nog steeds vir SARS-goedkeuring wag voordat ons nuwe grondwet in werking kan tree. Hulle het ons intussen in kennis gestel dat ons die bewoording van die grondwet moet verander sodat dit die toepaslike klousules in die Inkomstebelastingwet beter weerspieël. Die wet gee ons ons belastingvrye status. Ons het dit aangepas en dit is nou weer by SARS vir goedkeuring. Dit is administratiewe veranderinge en raak nie die kernbeginsels van die grondwet waarvoor julle dié jaar by die Kongres gestem het nie. Die sal hopelik binne die volgende maand of so opgelos kan word.

Intussen gaan 'n nuwe begrotingsproses in werking gestel word. Die SAPV sal in wese 'n konsepvoorstel daarstel. Die twee nuwe komitees sal dit as gonslag sal gebruik om hulle eie begrotings saam goed te keur. Dit sluit hulle aandeel en die totale gedeelde dienstebegroting in, soos die uitgawes vir die SAPV sekretariaat, prys van die webwerf, statistieke diens en dies meer. Die nuwe raad sal daarna na hul besluite kyk en die totale gedeelde begroting aanvaar. Die grootste deel van dié besluitneming gebeur by die individuele komiteevlak, 'n wesenlike verskuiwing van die huidige model waar die bestuurskomitee in wese vir almal besluit.

'n Deel van die verandering is die nuwe faktureringstelsel wat in September in werking getree het. Alle produsente betaal nou 'n uniforme per-dosyn-tarief (1sent / dosyn verkoop) en die R400 basiese ledegeld. Boere kry maandeliks 'n rekening vir kontantvloei doeleindes en dit help die SAPV om sy uitgawes in lyn te bring met 'n maandelikse inkomste.

SAPV strategie

Ons het 'n "headhunter" aangestel om na kandidate te soek vir beide vakante poste in die SAPV, die van die Direkteur en Senior Uitvoerende Beampte van die Produkontwikkeling en Bestuursvereniging. Die mening was dat tradisionele koerantadvertensies waarskynlik nie suksesvol sou wees nie. Daar was potensieel goeie aansoeke vir die Senior Uitvoerende Bestuursrol en teen die tyd wat julle die lees, het ons hopelik reeds 'n kortlys vir beide rolle vir evaluering aan die keurkomitee voorgelê. Die keurkomitee bestaan uit my, lede van die Bestuurskomitee en Mike Snyman van Astral, ons menslike hulpbronne-kenner.

Die Transformasie-komitee moet nog steeds die konsep-dokument ontwikkel en goedkeur wat in Augustus by die strategiese sessie bespreek is. Die vetraging hou ons 'n bietjie terug omdat die dokument duidelikheid sal gee oor die omvang en aard van die SAPV se betrokkenheid by transformasie-inisiatiewe in ons bedryf. Dit is moeilik om die teiken te vind sonder 'n duidelike doel, te meer nog om dit te tref.

Handel

Die AGOA probleme duur voort. Soos die meeste van julle weet is dit nie regtig 'n pluimvee-saak nie, maar eerder bontstaan vir 'n Amerikaanse magsverhouding met Suid-Afrika. Die buite-siklus hersiening is veronderstel om teen die einde September voltooi te wees en 'n verslag aan President Obama oorhandig. Hy sal Suid-Afrika dan van sy besluit in kennis stel en dit later publiseer. Wat is die moontlike uitkomst? Omdat dit nie 'n handelsooreenkoms is nie maar eerder 'n ontwikkelingstoegewing, moet Amerika besluit of hulle met ons of teen ons wil werk. Dit sal 'n impak op ons land hê as hulle besluit om teen ons te werk, ten minste vir 'n rukkie, totdat ons ander alliansies kan vind waarby ons ekonomies kan baat. Indien hulle besluit om saam met ons te werk, moet hulle beseftig dat ons billik behandel wil word. Amerika het self beperkings op buitelandse eienaarskap van heelwat bates, so die beginsel van ons veiligheidswetsontwerp is nie ongewoon nie. Amerika beweer steeds ons land het voëlgriep - wat nie waar is nie – en skop 'n bohaai op as ons vra vir meer inligting om te bewys dat die gebiede wat hulle siekte-vry verklaar wel is. Ek kan meer sulke voorbeelde noem, maar ek dink julle sien die prentjie.

So waar is ons in die proses? Die probleem blyk te wees dat óns duidelik onthou waarvoor ons in Parys ingestem het, maar dat die Amerikaners dit gedeeltelik vergeet het. Hulle kloof nog steeds hare oor sommige kwessies wat bedryfsgebonde is. Ons bly van mening dat die regering nie met die administratiewe proses om die kwota aan te wys kan begin totdat die twee bedrywe 'n geskrewe ooreenkoms het nie. Dit sal dien as grondslag vir die aansoek aan die regering vir die skep van 'n kortingsfasiliteit. Hoe lank sal dit aanhou? Goeie vrae het soms nie goeie antwoorde nie, maar ons is van voorneme om by ons verbintenisse wat ons in Parys gemaak het te hou. Hoe gouer die VSA meer redelik begin optree, hoe gouer kan die saak vorder.

Rondom die druk van die VSA vir streekvestiging sal ons voortgaan om openlikheid aan te moedig oor die instrumente wat gebruik sal word om siekte-vryheid te bewys. Ons is nie seker of streke met 'n land gevestig moet word wat self nie aan die reëls van die OIE voldoen nie en wat nie ons verklaring van voëlgriep-vryheid aanvaar nie. Na alles, selfs die Europeërs aanvaar dat ons nie HPAI het nie en het toegelaat dat rou volstruisvleis-uitvoere hervat word.

Die jongste deel van die Namibiese saak was veronderstel om in September beslis te word, maar die vonnis is uitgestel tot die middel van Oktober. Dit plaas 'n vraagteken oor die beoogde hofdatum van vroeg in Desember. Ons gaan voort met die mandaat wat die lede vir ons gegee het om die verbod op individuele vinnig-gevroesde-invoere ongedaan te maak en die kwota op die totale invoervlakke.

Ek dink ek het voorheen genoem dat sou hulle verloor, dit die Namibiese Pluimveebedryf tot 'n stilstand kan ruk. Hulle doen alles moontlik om te wen. Enigiets wat die saak kan verleng tel ook in hulle guns, nie dat ek dink die jongste verdragings het enigiets met hulle te doen nie, selfs al dien dit hulle saak.

Totale invoere tot Julie vanjaar was die hoogste ooit, of meer reguit gestel, die sogenaamde beskerming wat die regering vir ons gegee het, beskerm ons glad nie. 'n Mens kan natuurlik altyd sê dat invoere erger kon wees as ons nie aansoek gedoen het vir ondersteuning wat meestal toegestaan is nie. Dit lyk of invoer van vleis-aan-die-been groter gaan wees as die totale produksie volumes van die derde en vierde grootste produsente. As die regering dieselfde oogmerk as ons het – 'n volhoubare en mededingende plaaslike pluimveebedryf – sal iets meer aan die saak gedoen moet word. Ons gaan verder aksie neem teen die oorfloed surplus en grootliks ongewenste produkte wat van regoor die wêreld in ons land gestort word. Die stryd gaan nie sommer verdwyn nie omdat beide invoerders en uitvoerders rats is en maniere teen die maatreëls wat ons ingestel het sal vind. Na alles, as regverdigheid in ons mark moes geld, sou die uitvoerders die ander lande se bedrywe vernietig, of in sommige gevalle 'n land se hoop om 'n bedryf te skep vir hulle ongewenste produkte. Invoerders aan die ander kant het aansienlike beleggings gemaak sodat hulle voordeel kan

trek uit 'n wêreldwye verwronge landboumark en sal duidelik hulle eie beleggings ondersteun. Verwag dat dié stryd gaan voortduur.

Ons het ons verklaring by die Wiesenhof-saak ingedien waar sommige Duitse maatskappye die oplegging van teenstortingstariewe teen hulle uitdaag. Ek verwag nie dat dié saak al die jaar in die hof sal draai nie 'n Soortgelyke saak waar sommige partye, insluitend die Vereniging vir Vleis-invoerders en –uitvoerders die regte van Minister Davies van die Departement Handel en Nywerheid beveg om teenstortingstariewe in te stel, is ook nog hangend en sal moontlik volgende jaar voorkom.

Ons het verlede maand die poging van die invoerder genoem wat probeer het om 'n korting te kry op sekere produkte van lande buite die EU af. Hy sou dit dan kwansuis verwerk en weer uitvoer. Die aansoek is weer teruggetrek. 'n Mens hoop hulle besef nou ons sal nie sulke blatante misbruik van die proses toelaat nie en dat geen verdere aansoeke gebring word nie.

Voëlgriep

Die voëlgriep uitvoer-groep het in September by die konferensie van die Intenasionale Eierkommissie vergader. Ons het die verwysingsterme vir die groep verfyn. Ek sal die idees met julle deel sodra ek die finale weergawe gekry het. Ons wil in beginsel kyk na maniere om die huidige OIE-riglyne meer eweredig te implementeer en enige wysigings, indien enige, te identifiseer. Die groep bestaan uit die adjunk direkteur-generaal van die OIE (Internasionale Organisasie vir Diergesondheid), die hoof veeartsenykundige beampte van Nederland, die hoof van die belangrikste Britse navorsingslaboratorium, die hoof van die grootste Amerikaanse laboratorium, 'n paar bekende akademici, teling-spesialiste, myself en ander mense van die IEC. 'n Goeie mengsel van talent op een plek. Ek wil professor Celia Abolnik graag bedank vir die referate wat ek gebruik het om behoorlik vir die vergadering voor te berei.

Daar was twee sessies oor die uitbrake in die VSA en die lesse daaruit te leer. Die feit dat Amerika dubbel die totale hoeveelheid lêhoenders as wat ons in Suid-Afrika het moes uitsit, is ontugterend. Dit was 'n grootskaalse uitbraak en ons moenie dink ons is veilig aan die suidpunt van Afrika nie. Ons het soortgelyke gevare as ons Amerikaanse kollegas – die gevaar dat dit van plaas tot plaas versprei en dat dit van buite inkom. Die het beide in Amerika gebeur en ook met verskeie soorte ouer kuddes.

Sommige mense by die vergadering glo dat braaikuikens minder vatbaar as lêhoenders is. Daar is geen bewyse vir die siening nie. Oor die algemeen het braaikuikens 'n swakker immuunstelsel as lêhoenders, wat met tyd versterk. (Dit is nie outomaties op voëlgriep van toepassing nie.) Wat is die verskil? Braaikuiken biosekuriteit is oor die algemeen beter oor hulle kort lewensduur en daar is nie genoeg tyd in een kudde vir die siekte om deur verskeie siklusse te gaan nie. Heelwat van die AI-kwessies was deur lae patogeniese voëlgriep wat deur genoeg siklusse in een kudde gaan om in die hoogs aansteeklike vorm te verander.

Ek stel voor dat alle boere hulle biosekuriteit deeglik saam met hulle veeartsenykundige raadgevers evalueer. Dit is die heel beste manier om die risiko van oordrag en infeksies te verminder. Om die vee oor die algemeen gesond te hou het ook 'n positiewe uitwerking. Ons ervaring met ander siektes wys dat dit meer geluk as vaardigheid is wat ons kleinvee skoon gehou het. Dit kan oor meeste produsente in die wêreld gesê word. Ek wens geen ongeluk oor ander produsente nie, maar die risiko van nog 'n globale uitbraak is hoog.

Pekelwater

Ons het pas gehoor dat die probleme wat ons in die konsep pekelwater-regulasies uitgewys het, nie almal in aanmerking geneem is nie. Pekelwater-regulasies met 'n 15% perk op porsies sou binne die

volgende ses maande in werking tree. Dit was 'n vals alarm, maar herinner ons daaraan om die pekelwater-regulasies op te los. Hoe vinniger ons dit kan doen, hoe beter vir die regering en die bedryf.

Duidelik ongeskikte beperkings op pekelwater raak produsente direk, dit raak die bekostigbaarheid van produkte vir verbruikers, maak invoere meer koste mededingend en sal ons bedryf laat krimp met 'n nadelige uitwerking op die soja en mielie-bedrywe. Dan natuurlik ook nog die werksverlies wat sal voortvloei uit swak oorweegde regulasies. Ons het tot dusver die beginsel van regulasies ondersteun en sal voortgaan om dit te doen.

Internasionale Plumveeraad (IPC) en Internasionale Eierkommissie (IEC)

Die IPC-vergadering is in China gehou. Die organisasie het nou formeel 'n voltydse sekretaris-generaal en sal stelselmatig die tipe dienste lewer waarby die wêreld se eierprodusente kan baat. Heelwat van die besprekings wentel rondom voëlgriep en ek sal deel wees van 'n IPC-werksgroep oor dieregesondheid en welsyn. Sodra die praatjies by die vergaderings op die IPC-webwerf geplaas word sal ek vra dat ons dié wat ons lede interessant mag vind op die SAPV-webwerf plaas.

Soos sommige van julle weet is die OIE-standaarde ten opsigte van die bewusteloos maak van diere in abattoirs nie in lyn met die behoefte in die industrie nie. Die behoefte is aan 'n omkeerbare metode wat die dier lank genoeg bewusteloos hou sodat dit heeltemal kan uitbloei. Die IPC het dit gemeld en die OIE het my gevra om namens hulle in die besprekings in te tree. Ek sal aan die einde Oktober 'n ad hoc-vergadering hieroor bywoon.

Ek sal ook reël om gekose referate wat by die IEC-kongres gelewer is op ons webwerf te plaas. Daar was 'n baie interessante sessie oor voeding en die verfyning van die studie rondom die gevolg van eierverbruik op bloedvet-vlakke. Daar was ook 'n interessante aanbieding rondom eierverbruik en diabetes wat getoon het dat die negatiewe uitkyk hieroor misplaas is. Dit lyk asof asof eiers geen uitwerking op die gesondheid van Tipe 2-diabete het nie, hoewel dit 'n groot uitwerking op die gesondheid van Tipe 1-diabete kan hê.

Die IEC het 'n liefdadigheidsorganisaie begin wat bekend staan as die Internasionale Eierstigting (IES) en hulle het my gevra om op te tree as adviseur vir die trustees. Toe ek en die direkteur-generaal van die IEC laas maand met die FAO vergader het, het hulle gesê dat hulle graag saam met die IEC en die Eierstigting wil werk om eierverbruik en -produksie wêreldwyd te groei. Een van die eerste projekte is waarskynlik die saamstel van 'n boek oor eiers, soortgelyk aan die een oor suiwel wat die FAO saamgestel het. Ons intensie is dat hulle dit doen met die raad en ondersteuning van die IEC en IES.

Algemeen

Marthinus Stander het AFMA se jaarlikse algemene vergadering bygewoon en 'n praatjie oor ons transformasie-reis gelewer. Dankie meneer die Voorsitter.

My eerste taak by die OIE se dierewelsyn-werkgroep was om te help met die ontwikkeling van temas en onderwerpe vir die volgende internasionale konferensie. Die OIE stel die reëls soos dit verband hou met dierewelsyn. Standaard liggame soos die SABS of die ISO kan standaard geskoei op dié reëls opstel en die regering kan dit gebruik vir regulatoriese werk. Daarom is dit belangrik dat die reëls op die nuutste moontlike wetenskaplike begrippe geskoei word. Daar is ook heelwat bespreking hieroor. Dit is die tipe werk wat wel 'n einde het, maar 'n mens moet in staat wees om met verloop van tyd geleidelike verskuiwings in benaderings te sien as die behoeftes van die ontwikkelende lande in ag geneem word. Die konsep van welsyn is kultuurgebonde, en kan nooit dieselfde vir almal beteken nie. As mense met verskillende sieninge dan hulle stemme laat hoor, is dit hulle reg. Daar is egter geen verpligting van die regering om hulle eensydig te bevoordeel nie.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte